SOMER

SOMER

C. M. VAN DEN HEEVER

SOMER

Kopiereg © 2009 CruGuru

ISBN: 978-1-920265-89-2

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Eerste uitgawe 1935

Hierdie uitgawe uitgegee deur CruGuru in 2009

www.cruguru.com

C.M. Van Den Heever

Christiaan Maurits van den Heever (27 Februarie 1902 – 8 Julie 1957) was 'n Afrikaanse skrywer en digter. Hy is tydens die Anglo-Boereoorlog in die konsentrasiekamp naby Norvalspont gebore. Hy gaan in die distrik Trompsburg skool, asook in Bloemfontein aan die Brebner- en die Grey-kollege. Daarna studeer hy aan die Bloemfonteinse Universiteit en in 1928 sit hy sy studies aan die Universiteit van Utrecht in Nederland voort. Met sy terugkeer na Suid-Afrika aanvaar hy 'n pos as lektor aan die Bloemfonteinse Universiteit. Hy ontvang 'n doktorsgraad in 1932 op grond van 'n proefskrif oor die digter Totius en hy word in 1933 as hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand aangestel. Hy kom te sterwe op 8 Julie 1957.

C.M. van den Heever het 'n omvangryke reeks werke gepubliseer, waaronder romans, gedigte, essays, asook 'n uitmuntende biografie oor generaal J.B.M. Hertzog. Sy bekendste romans is *Somer* en *Laat Vrugte*. Hy het die Hertzogprys vir prosa in 1942 ontvang vir *Laat Vrugte*.

VOORWOORD

'n Minimale gedeelte van hierdie boek is aangepas vir die moderne samelewing en voorts om nie aanstoot te gee nie.

Die Uitgewers
2009

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1 1
Hoofstuk 2 6
Hoofstuk 3 12
Hoofstuk 4 23
Hoofstuk 5 29
Hoofstuk 6 38
Hoofstuk 7 47
Hoofstuk 8 51
Hoofstuk 9 59
Hoofstuk 10 67
Hoofstuk 11 74
Hoofstuk 12 80
Hoofstuk 13 84
Hoofstuk 14 89

HOOFSTUK 1

”Soe!” roep die wandelaar uit en laat sy bondeltjie goed sak. Sweet glans onder sy hoedrand uit en beweeg stadig oor sy warm, deurvoorde gesig. ”Soe!” Die hitte slaan uit sy klere op. Van die hoogte waar hy nou staan, kan hy ver oor die vlakte heen kyk. Agter hom lê die blou reekse berge soos die voue van ’n konsertina. Al verder blou die yl, bewerige rantjies weg tot dit vergaan in die onsekerte van die verte se dynserigheid. Eienaardige stuk wêreld wat hy agter hom gelaat het! In die skaduwee van ’n rietskraal bloubos gaan hy sit, en ’n weldadige vrede kom hier in die strepie koelte oor hom. Dit voel so rustig en verruimend hier, of jy in ’n diep kuil koel water swem. En rondom hom dein die landskap, groots en met die verre kimme in wasige skoonheid. Hy moet weer omkyk na die skof wat hy afgelê het. ”Soe!” en hy voel die hitte van die ent pad nog na, waar dit met sy meelsagte stof van bult na bult wegskiet of dit ’n ewige hunkering het na afstand, na ruimte. Daar waar die berge nou hulle skadu-diepe voue plooi, het hy gewerk, en hy sien weer die wye koringlande wat geel opglans teen die lang, uitgerekte hellinge wat vredig lê en slaap soos moeë arbeiders in die koelte van die berge. Daardie lappe en lappe koring het verdwyn. Saam met die ander snyers het hy van

sonop tot sononder krom gestaan, sodat die sekel gebrand het in sy klamgeswete hand. Toe die swaar miedens op die lande, die gerwe op die dorsvloer, die vul van die sakke en dan – afskeid! Verlore in sy drome van gedane arbeid kyk hy nog altyd terug na die berge vanwaar hy gekom het. Altyd maar die sware arbeid waarteen mens eers opsien as jy moet begin, en dan jou vreugde daarin, jou lus om dit te verower; en as jy end se kant toe gaan, dan kom daar byna 'n seënryke weemoed in jou oor die oomblikke wat agter lê, die skoonheid van dade wat verrig is, en jy weet dat jy nou weer moet voort…

Vir hom altyd maar afskeid ná die dagtaak klaar is. Nie die aangename rus om stil te gaan sit as die skure volgepak is en die geweld van die winter met genot voor die goue vlamme van die vuurherd afgewag word nie. Altyd maar voort! So is sy lewe. So, totdat hy in die laaste groot Koelte gaan rus… Maar wag, hy sit sy tyd hier en verdroom. Daar onder, langs 'n paar vaal rantjies, lê die groepies huisies waarheen hy mik. Hier sal weer arbeid te verrig wees, want 'n ent van hom af weg sien hy die koringlande lê, sommige nog groen, ander wat reeds verkleur. En ver strek hulle uit, daar by die rantjie verby, na die bedrieglikheid van veraf bultrondinge. Die son sak stadig laer en laat lang, puntige skaduwees oor die koring kruip. Die wandelaar vat sy bondel en met sy seer voete kies hy weer die wapad. Maar hy voel nou lekkerder as netnou, want dit word koeler op die veld en die huise wat nader en nader kom, laat blye verwagtinge tintel deur sy bloed. Sy swaar skoene plof deur die dik stof, wat lui opdwarrel en in wolkies gaan lê. Nader kom die koringlande na hom toe. Hulle strek weerskante van die pad af weg, 'n gelykte van lewende, ritselende halms. Hy draai uit die pad, kruip deur die doringdraad van die land en aan die kant van die ruisende koringveld gaan hy staan, asof gevul met 'n tere eerbied, en hy luister na die ritmiese geritsel, nou sag en ingehoue en dan weer in volle vlae, want die aandwind het ontwaak, en van die onderent van die land af buig die mollige golwe aan tot hier by hom – die hele koringveld in gelyke deining,

wat luister na die aanswelling en daling van die wind. Hy streel met sy growwe, gebarste hande oor ’n paar are heen. ”Die koring sal in hierdie week ryp wees,” mompel hy en loop stadig na die pad terug. Die geruis van die koring vul hom met ’n diep genoeë, met ’n liggaamsvreugde. Altyd as hy die koring hoor, voel hy ’n drang na lewe en verstaan hy hoe goed, hoe mild die lewe is, die lewe wat werk in sy bloed en hom met arbeidslus vervul, die lewe wat die koring laat groei, van klein, swak stoeltjies tot kragtige halms en are en hulle omtower as die somer kom en die lewe volgroeid is, ryk van belofte en vol skone geheime van skeppingsdade. Ja, die somer is vir hom die mooiste van die jaargetye!

En tog, wat sou dit dan wees? Net soos hy die heerlikheid van die groeiende lewe sien, as hy die diepste drink aan die skoonheid, dan kom daardie gevoel oor hom, soos die wye koelte nou hier oor die koring – dit alles gaan verby! Want is die somer nie maar net die versekering dat die lewe ryp geword het – dat doodseker die herfs en winter moet volg nie? Maar nog erger as alles: die mens en sy genadeloosheid!

Wag! – en sy bewussyn raak los uit die donkere gedagtes – daar kom iemand aan. Die man het onverwags verskyn uit die land koring en sy wye ferweelbroek en hemp teken hom vaal af teen die groen agtergrond. Hy kom nader na die wandelaar toe, wat haastiger begin stap, sy oë vas op die kêrel wat uit die koring verskyn het. Toe hulle bymekaarkom, laat die wandelaar handig sy bondel neer, en terwyl hy sy growwe hand uitsteek, sê hy ”Wynand Naudé” en die ander man antwoord, ”Tom du Preez.”

”Kom jy vér?” vra laasgenoemde en hy byt van sy baard tussen die lippe vas. Sy oë kyk skerp en met ’n glansie agterdog. Wat sou hy weet? peins die vreemdeling neerslagtig.

”Ja, Oom, ek kom ’n hele ent. Ek het ’n lang skof agter die rug.” Hy plaas sy hande in sy sye en kyk voor hom. Dan beduie hy: ”Oom woon seker dáár”; sy vinger wys na ’n paar huise wat by die rantjie lê en nou stadigaan begin wegsak in die aankruipende skaduwees.

”Ja,” sê oom Tom en hy knik voldaan sy kop. ”Sny jy koring? So? Nou, ek dink hier sal vir ’n hele rukkie iets te doen wees – hm, ja-nee, ongetwyfeld. Ons kan vanaand oor die geldkant van die ding praat. Jy is nou seker moeg. Kom ons stap aan huis toe. Pragtige koring, man,” en die oop hand beduie oor die gelykte; ”ons het lanklaas so ’n jaar gehad.”

”Woon familie van Oom in daardie huise, daar rondom Oom s’n?” vra Wynand.

”Ja, hoe sal ek sê? ’n Broer, ’n swaer, en die ander huis behoort aan ’n Venter. Hy het die grond gekoop van my broer Lukas, wat na Johannesburg getrek het – hm. Ken jy vir Johannesburg, vriend?”

“Ja,” klink dit kortaf en half ontwykend.

”Nou ja, wat ek wou sê: hy is daarheen. Hy is glo in die myne. Ons hoor selde of ooit van die man. Dit is jammer dat die grond van die ou voorvadere uit die hande van die nageslag moet raak. Maar so gaan dit: opskrywe, opskrywe – en môre moet jy laat vat. Ja, Neef, soos ons hier stap – kyk bietjie so af, daar na die wilkerboom se kant toe, hier het werk gelê. Hier was dit van sonop tot sononder agter die ploeg. Gelukkig was hier van-jaar geen stukkie hael nie. Dis ’n bestiering. Anders het ons nog maar altyd die een of ander teënspoed gehad. Die wêreld is hierlangs mos maar bietjie kwasterig – hm. Maar ou vriend, hoe lyk die wêreld soos jy gekom het?” Wynand hou van hierdie boer met sy vosbaard en skerp, blou oë. Daar klink oortuiging en sekerte uit sy stem.

”Nee, die boere gaan baie koring wen. Dié wat vroeëbaard gehad het, het reeds alles af. Hulle is tevrede.”

”Was jy by Baart van Tonder, Blouvlei, langs?”

”Ja, net daar langs. Hy sal glo goed wen.”

”Ja, ek ken heelwat mense – so uit in die rigting wat jy gekom het. Maar, Neef, laat ek nou maar vra wat ek netnou al wou vra: waar kom Neef eintlik vandaan en gaan Neef nou maar so van plaas tot plaas om koring te sny?” Wynand se wenkbroue trek

effens saam. Altyd dieselfde vrae, waarvoor die mense tog so lief is; altyd maar vrae wat ontwyk moet word. Waarom?

”Oom, ek kom ver hiervandaan, uit die Transvaal. Ja, ek sny koring. Dis harde werk, maar die mense is goed vir my.”

”Hm.” Hulle stap ’n rukkie in stilte. Wynand voel nou of daar meer krag in sy lede kom. Die koelte lê mild op die koring, die wind het gaan rus en die halme staan vorstelik, met effens geboë hoofde eerbiediglik en luister na die komende vrede en stilte van die aand. Die son sak anderkant die wilkerboom weg en verdwyn soos ’n vlam vuur in die kwynende gloed van ’n veraf veldbrand. Groots en teer kom die aand oor die koringlande, ’n laaste goudvonk van die verdwynende son tril uit die fynheid van are op, ’n geur van rypende lewe hang in die aandlug en laat die twee manne ’n oomblik gaan staan, sprakeloos, asof woorde nou onnodig is en net ’n dieprustige vrede sal versteur, noudat die aand nader oor ’n wêreld wat in die son se hitte lê en bewe het, die aand wat streel en genees en kom soos ’n groot seën oor die land, wat gewag het in stille geloof en diepe wete.

Oom Tom verbreek die stilte toe hulle by die huis kom. ”Sit jou goed neer, Neef. Netnou wys ek vir jou jou buitekamer. Wag, Neef, wil jy nog jou hande was? “Linda!” Uit die voordeur kom ’n sewentienjarige meisie te voorskyn. Van vriendelikheid lag sy haar mooi wit tande oop. Haar oë is blou en haar hare sag geel. ”Neef, dis my dogter Linda. Linda, is dit amper klaar vir ete? Gooi vir die neef waswater in. Kom binne, Neef. Dis nog maar warm in die huis. Vrou, hier is ’n kêrel wat vir ons wil help koring sny. Hy lyk vir my baie na Maans, lyk hy nie? Nou, Neef, gaan was jou hande; dan eet ons.”

Linda gooi die water in die groot erdeskottel, sy bring ’n kers en sit dit ’n ent van die skottel af.

”Kom was maar, asseblief…” sê sy. Sy kyk na die diep lyne in Wynand se gesig, na die moegheid in sy oë.

”Dankie,” antwoord hy hartlik en hulle oë lag na mekaar toe, asof hulle ’n geheim deel.

HOOFSTUK 2

”En jy sê dat Welman meen dat die koring sal opgaan?”

”Man, die kêrel het my so seker gelyk van die ding dat ek moes glo.”

”Kyk, dit sal ons vreeslik help.”

Oom Tom en sy broer, oom Frans, lê op die groenkweek en gesels. Oom Frans was op die dorp, en daar het hy verneem dat die prys van koring waarskynlik sal styg, want ”oor die water” sal baie koring nodig wees. Oeste het daar misluk. So word aan hom gesê.

”Jy weet wat weet Welman my te vertel?” sê oom Frans, terwyl hy behaaglik suig aan sy pyp.

”Nee, wat?”

”Man, al die soort onsin wat die mense nie aanvang om geld te maak nie! Hy sê dat hulle nou nie net meer mense verassureer nie – maar hulle sal selfs jou koring op die land teen hael verassureer. Verbeel jou! Mens sal seker meer moet betaal as die stukkie koring werd is.” Hy leun met sy hoof op sy hand. Die muggies maal fynsingend om hulle rond, verskyn in donsige wolkies teen die verdwynende rooi in die weste en skiet weg in die skaduwees.

”Dis pure bog, jong,” sê oom Frans lui; ”daar sit iewers weer ’n kinkel in. As die hael jou koring afslaan, dan betaal hulle jou

nooit. Dan is dit hier te kort en daar te lank, en oral is daar uitkruipplekke uit die gate van die wet."

"Dis net soos jy sê." Die twee lê nou 'n ruk stil in aangename aandstemming. Van die lang fonteinvoor en dam af kom die fris geur van water en gras. Af en toe wyk dit vir die indringende lug wat van die lande af kom waar die koring ryp word. Die twee boere se harte is bly, want lanklaas het hulle so 'n goeie jaar gehad. En die koring se prys gaan nog styg! Lomerig luister hulle na die tingerige deuntjie wat die muskiete sing en kort-kort dwaal hul oë oor die rondinge van die bulte wat nou donker afgelyn lê teen die wyd oop skoonheid van die naderende aand. Altwee kyk, sonder om 'n woord te sê, na die helderte van die hemel wat ontsaglik hang oor die bultewêreld, waar die koring nou verdwyn in die skaduwees. In altwee se oë lê daar weemoed.

"Jy weet, Frans," begin oom Tom naderhand met dralende stem, "dit is darem maar snaaks. Hier saai ons koring, dit word groot, ons sny dit af, en so hou dit aan. En net so is ons mense ook. Ons word groot net soos die koring en netnou kom die dood en sny ons af en dan kry ons kinders weer 'n kans."

"Ja, man, ek het al baie oor daardie ding gedink."

"Die lewe staan mos nooit stil nie. As die koring te ryp word, slaan dit uit. 'n Mens wat te oud word, deug nie. Hm. Maar jy weet, mens het darem maar lus om te bly lewe."

"Nie altemit nie."

"Ja, God het dit darem alte wonderlik bewerk. Of jy wil of nie, jy moet maar die pad gaan wat almal gaan." Dan is daar weer 'n ruk stilte.

"Tom, jy weet ek voel nooit heeltemal gerus voor die koring nie van die land af is nie. Jy weet – die hael. Man, ek sal dit nooit vergeet hoe dit oorle pa se koring plat geslaan het nie. Onthou jy nog? Dit was mos sommer so 'n pikblou weer uit die westekant."

"Ja, dit was verskriklik. Pa was darem 'n gelowige ou man. Hy het nie 'n woord gesê nie, maar jy onthou nog hoe hy daardie aand gebid het. Ek glo nie ons geslag kan dit doen nie. Ons het mos nie

meer daardie geloof nie. Daardie ou mense was soos pale geplant in hulle geloof."

"Dis net soos jy sê."

Weemoedige konsertinaklank kom aangesleep van die huis af en dan klink die vrolike gelag van Wynand daar bokant uit.

"Wat se soort kêrel is hy?" vra oom Frans en beduie met sy plat duim na die huis se kant toe.

"Man, ek kan nie eintlik uitmaak nie. Hy lyk my baie opgeruimd van geaardheid. Maar mens kan nie veel uit hom kry nie. Hy wil my voorkom soos 'n kêrel wat baie weet van die wêreld. Ek dink hy sal ons goed met die snyery kan help. Dink jy ons het genoeg snyers? Kom ons tel bietjie… Wag, hier kom mense aan. Dis Basie en Faan. Naand!" Basie en Fanie kom ook op die kweekgras sit, terwyl hul vrouens en kinders na die huis toe gaan.

"Hoe maak julle koring?" vra oom Tom en hy kyk na sy swaer Basie.

"Jong, dit maak hier en daar geel kolle. Môre gaan ons inspring."

"Ja," sê oom Faan, die kêrel wat die stuk grond van die een broer gekoop het wat na Johannesburg is: "dit sal miskien 'n goeie jaar wees – beter as baie ander. Maar die skuld! Ek wonder watter boer vandag nie skuld het nie. Die geld kom by die een hand in en gaan weer by die ander uit." Hy kyk fynskerp deur die skemerdonker na oom Frans se gesig, maar kan niks uitmaak nie. Skuld, ja…

"Ja," antwoord oom Frans, "die oumense, wat die geld nog onder die kooi gebêre het, was beter daaraan toe. Maar dinge was beter in hulle dae. Dit word vandag al moeiliker om 'n bestaan te maak. Die grond word kleiner en kleiner. Ek vrees eintlik as ek moet dink aan wat eendag van my kinders gaan word. Mens moet jou ou grondjie hou, want as jy dié verloor, dan moet jy na Johannesburg of een van dié plekke toe. En as jy eers in die myne is, dan is dit netnou tering – jou bors fluit soos jy sukkel om asem te kry. Dis maar vastrap hier – dis al. Maar dit gaan broekskeur."

Oom Faan trek aan sy snorbaard. Die vier lê 'n rukkie en kyk na die sterrehemel bo hulle, nou glansend en suiwer oor die aarde uitgeplavei. Die laaste rooi strepie het uit die weste verdwyn en die oneindigheid van die hemel, met die sagte skoonheid van die hemelstraat daarin, boei die oë van al vier boere, wat klein en nietig voel hier onder die majesteit van die somernag.

"Dis miskien maar die beste," sê oom Tom naderhand, "om soos hierdie Wynand te wees – julle weet die kêrel wat my sal help koring sny. Hy het nie kind of kraai nie, hy gaan van plaas tot plaas en bekommer hom nie oor die dag van môre nie."

"Dis ook maar 'n los soort lewe," sê oom Faan; "as hy moet oud word, sal die wêreld hom begin vasvat. Dan merk mens eers wat jou familie vir jou werd is."

"Hm," kreun oom Tom. Van die huis se kant af kom nou 'n hele boel mense – Wynand op die voorpunt, met vrouens en kinders agter hom. Hulle lag en praat en oom Faan se seun Hannes, 'n frisgeboude kêrel van twintig jaar, probeer net om in die omgewing van Linda te bly – die mooi dogter, met haar blou oë en geel hare.

"Ons bring waatlemoene," sê Wynand luidrugtig. "Oom Tom het rêrig gesorg dat hier vroeg waatlemoene is."

Op die kweek gaan almal sit, en die mans haal hulle knipmesse uit en laat die waatlemoene, wat net van die land af kom, kraak as die lem deur die groen skil sny.

"Wynand," sê oom Tom, terwyl hy die pitte uit 'n groot skyf kap, "jy het nogal goed gepluk – almal ryp. Ek het nie gedag jy het kennis van waatlemoene nie."

"A ja, oom Tom, hoe sal ek hulle nie ken nie? Hulle is mos net soos 'n mens: van buite lyk hulle groen, maar van binne is hulle ryp."

"Hm," sê oom Tom, terwyl die ander lag, "dit klink nogal skrifgeleerd." Hulle kan mekaar net onderskei, want dit is taamlik donker hier op die kweek. In die ooste is egter 'n flou strepie lig sigbaar – tekens dat die maan netnou sal opkom. Linda sit op haar knieë 'n ent van Wynand af. Sy let op al sy bewegings, wat

nie altyd maklik te volg is in die onseker lig nie. Sy voel so vreemd gelukkig en bly om net naby hom te wees, om sy diep stem te hoor en hier onder die oneindigheid van die sterre, wat so vriendelik op haar neerglans, hier met die milde geur van die rypende koring wat hang in die aandlug, voel sy so gelukkig en bly dat sy lewe, voel sy hoe goed almal is, almal wat hier deelneem aan die waatlemoenfees, en is sy selfs meer toegeeflik teenoor Hannes, wat al nader na haar geskuiwe het en nou teen haar sit. Hy voel gelukkig oor haar opgeruimdheid, haar toegeneentheid teenoor hom en sien duidelik daarin tekens van haar liefde…

”Het julle dit gesien?” vra oom Frans; ”weerlig na die noordekant toe?”

”Ja,” sê Basie, ”ek het netnou al so iets gemerk, maar ek was nie seker nie.”

Al die oë is nou na die noorde gerig, en toe opeens glans die bliksemlig agter die donker wêreldeinde uit, ’n bleekwit vlam wat vinnig opskiet en weer verdwyn en die hemel donkerder agterlaat as voor sy verskyning.

”Ja,” sê oom Tom en knip sy mes toe, ”as dit nou moet reën, sal jy ’n boddery sien. Mens vrees eintlik dat dit dalk kan hael. Mog ons daarvoor bewaar bly. Maar net môre spring ons mos in, of hoe sê julle boere?”

”Net so,” klink dit vrolik.

”Wynand,” beveel oom Tom byna, ”speel dan vir ons bietjie konsertina, jong. Jy kielie die ding mos goed.”

”Hier is hy,” sê Hannes en gee die konsertina aan.

”My vingers is styf,” sê Wynand en voel-voel so bietjie aan die klawers en dan begin hy met ’n sagte, treurige wals wat weemoedig oor die werf klink.

”Waar is laas Nuwejaar se dans?” sê Hannes en kyk verlangend na Linda, maar sy merk dit blykbaar nie. Elkeen raak verdiep in eie gedagtes en kyk op na die sterre wat verweg lok, uit wêrelde wat hulle alleen maar kan aanvoel deur ’n verlange, skrynend en onnoembaar teer.

Nou speel Wynand 'n wals, dan 'n seties en 'n polka. Party voete speel mee met die maat en hier en daar klink 'n binnensmondse gesing op, wat plotseling luider word as almal spontaan die slepend weemoedige wysie volg… "*En wanneer kom ons troudag, Gertjie, Gertjie…? Hoe is dit so stil met jou?*" Oor die werf klink die stemgeluid weg en kwyn heen oor die luisterende koringlande. Ver weg speel die weerlig af en toe uit.

Dit is vir Linda of alles saamsing: die velde rondom, die glansende sterre daarbo, die aarde… alles ruis weemoedig saam in hierdie tere lied, wat haar verlangens dra, haar verlangens wat sy self nie kan noem nie, versluierd soos hulle lewe en net hunker in die deining van die lied, die lied wat aanswel en wegkwyn. Sy weet net dat daar iets heiligs in haar hart gebeur, en haar hart seën die wêreld omdat dit so mooi is vanaand… Voor haar sien sy die lenige lyf van Wynand en die bewegende konsertina. Sy merk hoe sy kop vooroor hang in die naglig wat al helderder word. Hy lyk so groot, so beskermend in die stygende lig van die maan.

"Kyk," sê oom Tom opeens, "ons moet gaan lê. Môre moet ons vroeg opstaan. Daar is nie kans vir laat lê nie."

Die musiek hou op en dit is vir Linda of alles weer terugvloei in nugterder vorm. Daar volg 'n luidrugtige groetery, en terwyl elke groepie sy rigting kies, kom die maan bokant die bulte uit, en dit is of die koringvelde, bult aan bult, met die donker skaduweeslote tussenin, opeens oprys in sagwit heerlikheid om hulde te bring aan die ongenaakbare heerser oor die naghemel.

HOOFSTUK 3

In die vroeë môreskemer word daar gewerskaf in oom Tom se huis; sekels word reggesit, daar word koffie gedrink en met vaaklomerige stemme gepraat. Linda het vroeg opgestaan om koffie te maak, en in die stilte van die môre, toe die eerste gekraai van 'n haan wyd oor die landskap geklink het, het sy, met 'n aangename droomstemming vervul, voor die vuur gesit en luister na die sagte, vredige gedreun van die vlamme om die ketel. Sy voel nou so bly in die verruimende môrekoelte. Haar gees is nog gedeeltelik versink in die beelde van haar drome, toe sy netnou nog rustig lê en slaap het. En met die droomsaligheid in haar, verinnig deur die vredestemming van die komende dag, gaan sy rond, skink koffie in en luister na Wynand se diep basstem, wat af en toe 'n woord uit en dan weer swyg en die hele ruimte leeg laat.

"Komaan, kêrels," klink dit opeens soos 'n bevel van oom Tom se kant af; sekels kletter, emmers klink, daar word met swaar môrestemme gegroet en die snyers vertrek na die land. Die wind wat oor die ontwakende wêreld trek, spoel 'n fris koelte teen hulle aan en laat die krag in die liggaam ontwaak, 'n krag wat begin dors na arbeid, na verowering. Dof klink hulle stappe oor die grond. Beeste wat lui herkouend gelê het, staan langsaam op –

vreemde, donker gedaantes wat stadig begin beweeg en dan weer gaan staan met die onbeweeglike kop na die groep donker snyers gedraai. Die sterre het ongemerk begin wegglans aan die bleker wordende hemel en nou kom 'n breë, deurskynende ligstreep in die ooste, wat uitdy en die skaduwees agter die bosse voor hom uitjaag. Met kragbewustheid stap die snyers die komende daeraad tegemoet en sien hoe die verre bultrondinge opgroei teen die stygende lig en hoe die koringlande helderder lyn begin aanneem uit die dynsigheid wat nog luier in holtes en duike. Langs hulle staan die koringhalms roerloos, met die deemoedige are soos in gebed voor die heerlikheid van die komende dag, miskien hul laaste dag. Tussen hulle huiwer die frisheid van die môre en lê kolle-kolle donker, wat nou al onrustiger word en netnou saggies sal veryl voor die allesoorweldigende lig.

"Hier moet ons inval," sê oom Tom en hy kap sy sekel in die grond. Voor hulle lê die geel stuk koring, en die môrewind, wat met sagte vaart kom, streel nou oor die koringvlak heen, daar gaan 'n rimpeling oor die oppervlakte, die are knik stadig en dis weer stil, 'n stilte wat gevolg word deur weer 'n diepe gefluister van die halms, 'n fluistering van die somer wat die are ryp gemaak het, 'n fluistering van die môreaarde wat dankbaar is oor sy vrugte en wat die harte van die snyers rustigbly maak en hulle nooi tot die arbeid. Anderkant die kol koring wat so ryp is dat dit plek-plek sal uitslaan as dit nie gesny word nie, lê 'n vak wat effens verkleur en verder weg nog 'n ander wat groen is en nog fris opgee in die daeraadlig, want die ooste het nou donkerrooi geword, met fyn vonkellyne oor die heuwelkante – teken dat die son straks sal verrys en die laaste skaduwees soos onwesenlike gedagtes sal laat vervlugtig.

Oom Tom kyk 'n slag na die ooste en dan klink dit "daar's hy, kêrels" en sy vingers gryp 'n koringstoel bymekaar, die sekel girts daardeur – die aanval het begin. Tien ander snyers sak ook weg, 'n ry gekromde rugge vorm 'n streep langs die koring af en vooruitskietende hande en sekels laat die koring verdwyn. Wat straks nog

vorstelike stoele was, vol are, lenig gebalanseer op deurskynende halms, lê nou magteloos op die kluiterige grond, sonder die eenheid-in-skoonheid van die natuur… Girt! girt! vreet die sekels voort, swaar skoene trap duike in die stoppelgrond en gaan aan terwyl die hopies afgesnyde koring agterbly en blink begin glans in die vreugdestrale van die son, wat vorstelik verrys het en die koringare laat skitter, 'n lang veld van goue lewe wat rimpelend wag op die vernietiging van die sekel. 'n Gat lê daar al in die koring en in die gelyk muur van hoë halms beweeg die geboë gestaltes maar, 'n hand skiet vooruit, 'n sekel sny girtsend deur die saamgevatte strooihalms, wat neergesit word dat die are 'n oomblik bewend skud asof uit doodsangs, en so gaan dit voort… Al wat sigbaar is, is die roerende lywe en skuddende lyn van die koring waar die sekel wegvreet en die vallende koringhopies bly lê, glansende strokies op die stoppelharde kluitgrond.

Die son klim hoër, en soos op ander somerdae groei die hitte vinnig aan. Die môrekoelte is nou weg, 'n broeiwarmte damp uit die aarde op en 'n wolkie dynserigheid begin op die koring lê. Dit begin netnou effens beweeg, 'n bedrieglike lugspieëling wat tower in die ruimte. Vinke ruis in glansende, ritmiese swerms van die donkergroen tuin af oor die land, en kort-kort skreeu 'n snyer "Oea!" om hulle op te ja, want selfs die fladderige voëlverskrikkers oral op die land boesem geen vrees meer in by die gulsige korrelverslinders nie. Hulle vlie met 'n ruisende gedreun op en sak op 'n ander plek neer, waar luidrugtige swart seuntjies hulle dan weer verwilder met kleilatte.

En so groei die somerdag in geweld. Ver in die weste verskyn donderwolke. Eers is die donserige punte net sigbaar anderkant die trillende wasigheid, maar dan groei die wit rondinge uit, kolom na kolom, tot die wêreld-einde omtroon is deur die spierwit bakens wat rustig heers oor die ruimte van die velde. En die snyers swoeg voort! Die hande, wat nog ongewénd is aan die baie vat, word rou-rooi, maar daar is geen kans om lank met jou hande in die moeë rug te druk nie. Die oë meet net vlugtig die ent koring

vorentoe, die broek word ingedagte opgetrek en dan span die hemp weer glad oor die warm blaaie, die sekel blits in die son en die sweet rol onder die hoed uit en drup oor die vuurwarm gesig. Oom Tom lyk of hy krom gebore is. Taai soos sening is die droë lyf, en die lang bobbejaan-arms skiet so afgemete juis uit, werk so stelselmatig dat dit die ander snyers moedeloos maak; net die vat van die gebreide man, sy rustig sekere gang, maak onervare snyers, wat onegalig bontval, onbewus boosaardig oor hul eie onhandigheid. Kort-kort vee hulle die sweet van hul gesigte en skiet dit weg oor die stoppels; dan volg 'n "Soe!"

'n Oomblik word die bewende landskap opgeneem, gekyk of daar nog geen koffie van die huis af kom nie en dan is dit weer wegval met 'n traer lyf as netnou, want al ongenadiger word die son. As die wolke maar gou hoër wil klim, sug meer as een, maar stadig is die gang van die natuurdinge, sonder 'n wil om die swoegende mense hier te dien.

Naby oom Tom sny Wynand. In die diep vore van die gesig gaan die sweet staan en loop tot op sy oop bors af. Netnou het dit gelyk of hy uitsak teen die instinktiewe reëlmaat van oom Tom se snyery, maar nou, met die stygende son, terwyl die ander lomerig word en stadiger werk, begin sy meesterskap duideliker uitkom. Waar oom Tom die seningtaaie snyer is wat, sonder links of regs te wyk, op sy doel af gaan, vak vir vak, daar is Wynand die kragtige arbeider wat op die duur meer sal versit, nie so sekuurvas soos oom Tom nie, maar met 'n swier, 'n veroweringskrag wat dit 'n lus maak om na hom te kyk. Netnou is dit ook duidelik dat hy by sy krag 'n vaardigheid van sy eie het, 'n vaardigheid wat toeneem hoe meer hy gewoon raak aan hierdie koringland.

"Ho-ha!" skreeu oom Tom, die snyers pik hulle sekels in die warm grond vas en stap met vaste treë na Linda toe, waar sy met 'n groot emmer koffie staan. "Hoe lyk dit, ou sus?" sê Wynand terwyl hy met sy groot hoed probeer om sy gesig koeler te waai, "werk ons darem fluks?" Sy lag net skaam. "Ek weet rêrig nie hoe julle dit in hierdie hitte hou nie," sê sy en vrywe 'n koringaar in

haar hand uit. Vet en geel glim die sagte korrels bymekaar as sy die wolk fyngemaalde strooi wegblaas.

”Kyk vir Frans-hulle doer teen daardie bult,” sê oom Tom, wat, met ’n arm in die sy, sy koffie gretig staan en drink. ”En daar na ondertoe kan mens vir Basie en Fanie sien met hulle span. Soe, die boere is omgekrap vanjaar!” Drie van die seuns wat help sny, is van ’n naburige plaas. Hulle staan met ru-voorbarige oë na Linda en kyk, sodat sy haar naderhand vererg. Die ander snyers is kleurlinge, wat nou oorlams opsy staan en gesels oor die snyery so ver.

”Soe, maar die droë baas met sy orang-oetang-arms stap sommer baie saf oor ’n akker – jy sien net die groot hand en die sekel, die groot hand en die sekel – dis al wat jy sien. Ai, waar is die Bolandse dae toe ons die volk gewerk het dat hulle wegsteier en soos jong osse neerslaan op die land! Waar is dié dae, vra ek julle?” sê Stefaans uitdagend, met sy matrasagtige hare hier en daar onder sy klein flenterhoedjie uit.

”Wat praat jy, Boesman van die Boland!” tart April met ’n hoonlag. ”Toe julle volke nog daar albaster gespeel het, toe staan ons al lankal so kop-tussen-die-bene die koring hier en aanja die land af. Julle kan mos gou sny nie? Drink, ja!”

”Hoor bietjie so ’n windmakerbossie-Hottentot! Hy wat nog nie eers oor hierdie rantjies behoorlik was nie. Hoor bietjie! Ag nee wat, Aprilman, jy praat skoon soos ’n man wat in sy eet-en-drink getrap moet word. Julle hoor: daar in die Boland as die son só sit,” en die vlies-oë korrel na die vlam van die son, ”dan was hierdie ou stukkie koring lankal af – lankal. Ons het daar ’n baas gehad met so ’n hoepelheup. Jy sien hierdie voskop-baas Wynand, wat vir hom wie hou: ag wat! hierdie tyd was hy lankal kaiings en die hoepelheup het nog so stil-stil weggeweie in die koring, sommer so stil-stil – Aik, jou Boland, lekker land, almal se land!” roep hy jolig uit en klap met sy skoene dat die rook so staan op die grond.